# ADVERTISEMENT:
# NOTICE OF BASIC ASSESSMENT PROCESS AND PUBLIC PARTICIPATION PROCESS

# NOTICE OF BASIC ASSESSMENT PROCESS
# PUBLIC PARTICIPATION PROCESS

# NAMAS WIND FARM, NORTHERN CAPE

---

***Project Name:*** Namas Wind Farm, Northern Cape Province

***Applicant**:* Genesis Namas Wind (Pty) Ltd

***Proposed Activity**:* The development of a wind farm with a contracted capacity of up to 140MW which will include up to 43 wind turbines and associated infrastructure including a substation, a power line to connect at Gromis Substation, access roads and laydown areas.

***Location:*** The project site is located approximately 20km south-east of Kleinsee, within the Nama Khoi Local Municipality and the Namakwa District Municipality in the Northern Cape Province. The site falls within Focus Area 8 of the Renewable Energy Development Zones (REDZ), which is known as the Springbok REDZ.
Four properties comprise the wind farm site: Portion 3 of the Farm Zonnekwa 328, Portion 4 of the Farm Zonnekwa 328, Remaining Extent of the Farm Rooivlei 327 and Portion 3 of the Farm Rooivlei 327.
The power line corridor traverses ten affected properties: Portion 3 of the Farm Zonnekwa 328, Portion 2 of the Farm Zonnekwa 328, Portion 1 of the Farm Zonnekwa 326, Remaining extent of the Farm Zonnekwa 326, Remaining extent of the Farm Honde Vlei 325, Remaining extent of the Farm Kannabieduin 324, Remaining extent of the Farm Leliefontein 322, Remaining extent of the Farm Mannels Vley 321, Remaining extent of the Farm Dikgat 195 and Portion 15 of the Farm Dikgat 195.

**Basic Assessment Process:** In terms of Sections 24 and 24D of the National Environmental Management Act (No 107 of 1998), as read with Government Notice R324 – R327, as amended, Environmental Authorisation is required for the project. As the project site is located within a REDZ, a Basic Assessment (BA) process is required to be undertaken in accordance with GN114 (February 2018). Savannah Environmental is undertaking the required environmental assessment and public participation process.

To obtain further information and register on the project database, please submit your name, contact information and interest in the project to:

**Rozanne Els** of **Savannah Environmental**
P.O. Box 148, Sunninghill, 2157
Tel: 011 656 3237
Fax: 086 684 0547
Email: publicprocess@savannahsa.com
Website: www.savannahsa.com

savannah environmental




# Voormalige mynwerkers kry einde ten laaste kompensasie

M. Mostert

**NOORD-KAAP** – Dit verg fyn voetwerk om verlore persone op te spoor. Die eindresultaat van 'n soektog na 'n vermiste persoon, veral kinders en vrouens, is meestal tragies. Die Departement van Arbeid in die Noord-Kaap het 'n volskaalse soektog geloods na gewese mynwerkers vir registrasie van onopgeëiste voordele. Dit is dus 'n soektog met 'n meer gelukkige doel.

Voormalige mynwerkers in die John Taolo Gaetsewe-distrik wat in die vroeë 1980's en laat 1990's hul werk verloor het, gaan einde ten laaste na 'n lang stryd en gewag van byna 38 jaar vergoed word. Die provinsiale woordvoerder sê die departement en UIF het 7 jaar gelede die opdrag gekry om voormalige werkers op te spoor na 'n vergadering in Mbizana in die Oos-Kaap.

Mnr. Khula sê dit volg na pleidooie van mynwerkers wat hul werk in daardie spesifieke tydperk verloor het. Hulle sal in lyn met die werkloosheids-versekeringswet van 2001 (soos aangepas) geassesseer word. Die mynwerkers wat aansoek om vergoeding doen, moet hul dokumentasie toon vir verifikasie. Dit is onder meer hul identiteitsboekies, toegangskaart van hul voormalige mynwerkgewer, IRP 5 van die vorige mynwerkgewer, 'n ou bloukaart, vorige salarisadvies-strokies of enige bewys as werknemer, insluitend die Makhulu's kopkaart, dompas of TEBA-rekords.

Die registrasie het op 13 en 14 Augustus in die Ga-Segonyana plaaslike munisipaliteitstadsaal in Kuruman begin. Khula sê dit is 'n provinsiale veldtog wat in die Frances Baard-distrik begin het. Volgende aan die beurt is die John Taolo Gaetsewe-distrik. Nadat die veldtog voltooi is, sal al die distrikte in die Noord-Kaap 'n beurt gehad het.

Die Namakwa-distrik, Pixley Ka Seme- en ZF Mgcawu-distrikte sal ook besoek word.


**NOTICE OF BASIC ASSESSMENT PROCESS**
**PUBLIC PARTICIPATION PROCESS**
**ZONNEQUA WIND FARM, NORTHERN CAPE**

***Project Name:*** Zonnequa Wind Farm, Northern Cape Province
***Applicant:*** Genesis Zonnequa Wind (Pty) Ltd
***Proposed Activity:*** The development of a wind farm with a contracted capacity of up to 140MW which will include up to 56 wind turbines and associated infrastructure including a substation, a power line to connect at Gromis Substation, access roads and laydown areas.
***Location:*** The project site is located approximately 19km south-east of Kleinsee, within the Nama Khoi Local Municipality and the Namakwa District Municipality in the Northern Cape Province. The site falls within Focus Area 8 of the Renewable Energy Development Zones (REDZ), which is known as the Springbok REDZ.
Two properties comprise the wind farm site: Portion 1 of the Farm Zonnekwa 328 and the Remaining Extent of the Farm Zonnekwa 326.
The power line corridor traverses seven affected properties: Remaining extent of the Farm Zonnekwa 326, Remaining extent of the Farm Honde Vlei 325, Remaining extent of the Farm Kannabieduin 324, Remaining extent of the Farm Leliefontein 322, Remaining extent of the Farm Mannels Vley 321, Remaining extent of the Farm Dikgat 195 and Portion 15 of the Farm Dikgat 195.
**Basic Assessment Process:** In terms of Sections 24 and 24D of the National Environmental Management Act (No 107 of 1998), as read with Government Notice R324 – R327, as amended, Environmental Authorisation is required for the project. As the project site is located within the REDZ, a Basic Assessment (BA) process is required to be undertaken in accordance with GN114 (February 2018). Savannah Environmental is undertaking the required environmental assessment and public participation process.
To obtain further information and register on the project database, please submit your name, contact information and interest in the project to:

**Rozanne Els** of **Savannah Environmental**
**P.O. Box 148, Sunninghill, 2157**
**Tel: 011 656 3237**
**Fax: 086 684 0547**
**Email: publicprocess@savannahsa.com**
**Website: www.savannahsa.com**

savannah environmental



**NOTICE OF BASIC ASSESSMENT PROCESS**
**PUBLIC PARTICIPATION PROCESS**
**NAMAS WIND FARM, NORTHERN CAPE**

***Project Name:*** Namas Wind Farm, Northern Cape Province
***Applicant:*** Genesis Namas Wind (Pty) Ltd
***Proposed Activity:*** The development of a wind farm with a contracted capacity of up to 140MW which will include up to 43 wind turbines and associated infrastructure including a substation, a power line to connect at Gromis Substation, access roads and laydown areas.
***Location:*** The project site is located approximately 20km south-east of Kleinsee, within the Nama Khoi Local Municipality and the Namakwa District Municipality in the Northern Cape Province. The site falls within Focus Area 8 of the Renewable Energy Development Zones (REDZ), which is known as the Springbok REDZ.
Four properties comprise the wind farm site: Portion 3 of the Farm Zonnekwa 328, Portion 4 of the Farm Zonnekwa 328, Remaining Extent of the Farm Rooivlei 327 and Portion 3 of the Farm Rooivlei 327.
The power line corridor traverses ten affected properties: Portion 3 of the Farm Zonnekwa 328, Portion 2 of the Farm Zonnekwa 328, Portion 1 of the Farm Zonnekwa 326, Remaining extent of the Farm Zonnekwa 326, Remaining extent of the Farm Honde Vlei 325, Remaining extent of the Farm Kannabieduin 324, Remaining extent of the Farm Leliefontein 322, Remaining extent of the Farm Mannels Vley 321, Remaining extent of the Farm Dikgat 195 and Portion 15 of the Farm Dikgat 195.
**Basic Assessment Process:** In terms of Sections 24 and 24D of the National Environmental Management Act (No 107 of 1998), as read with Government Notice R324 – R327, as amended, Environmental Authorisation is required for the project. As the project site is located within a REDZ, a Basic Assessment (BA) process is required to be undertaken in accordance with GN114 (February 2018). Savannah Environmental is undertaking the required environmental assessment and public participation process.
To obtain further information and register on the project database, please submit your name, contact information and interest in the project to:
**Rozanne Els** of **Savannah Environmental**
**P.O. Box 148, Sunninghill, 2157**
**Tel: 011 656 3237**
**Fax: 086 684 0547**
**Email: publicprocess@savannahsa.com**
**Website: www.savannahsa.com**

savannah environmental




# Bruilof- en geleentheids-Expo inspireer plaaslike sakepersone



M. Mostert

**OKIEP** – Donderdag, so op Vrouedag, is ek vroeg uit die vere. Ek ry deur die verlate, stil strate in die dorp en sien so hier en daar 'n besigheid se deure oopstaan. Die meerderheid is egter bottoe, want dit is vakansiedag en boonop langnaweek vir die skole. Gesinne het die geleentheid aangegryp om gou weg te glip vir 'n vinnige blaaskans. Almal is te dankbaar vir die rustyd.

Ek ry deur Okiep toe waar ek 'n smaaklike grooooot ontbyt agter die blad kou. Na my tweede koppie koffie is ek slaggereed vir 'n geselsie met Kyle Josephs. Hy is die pligsbestuurder en funksies en ander geleentheids-bestuurder by die Okiep Country Hotel. Hy het met die blink plan vorendag gekom om 'n troue- en geleentheidsexpo te organiseer. Die expo het oor twee dae gestrek.

Kyle vertel dat die expo oor die Namakwaland-gemeenskap gaan. Dit gee geleentheidsorganiseerders die kans om gratis bemarking te kry. Daar staan 'n klompie ronde tafels wat spoggerig gedek is. Elke tafel het 'n andersoortige tema. Van stoele tot eetgerei tot rangskikkings gee vir mense in die afdeling 'n kykie van wat gedoen kan word.

Mense kom kyk na die nuutste tendense terwyl Kyle en ander rolspelers raad gee oor wat jy met dekor kan doen. Daar is verskillende kleurskemas en temas. Een tafel waarby ek Kyle afneem, het 'n Halloween-tema.

Kyle is 'n bietjie gespanne oor die aand se modeparade wat hy ook self gereël het. Daar is die bekende plaaslike mode-ontwerper, wat baie goed in sy veld is, se ontwerpe te sien. Marquen McKenzie van Bergsig het plaaslike modelle vir die Fashion Haus of Maquenzi-vertoning gebruik. Die showstopper vir die aand is Tatum, mej. Namakwaland 2017.

Plaaslike kunstenaars het ook opgetree. Hulle het ook die kans om hulself te bemark. Die besoekers het geluister na Vito, Candice Jacobs, oom Jimmy Newman wat 'n saksofoon kan kielie, JoDee Henn wat pas terug uit New York is en plaaslike skoolorkeste.

Kyle noem dat die geleentheidsmaatskappye in die gemeenskap saam werk om mekaar van raad te voorsien. Hulle kry byvoorbeeld advies oor waar hulle veranderinge op hul gedekte tafels kan aanbring. Kyle se belangstelling as geleentheidsorganiseerder het reeds op skool begin toe hy Gasvryheidstudies geneem het. Hy sê die bedryf is baie lekker en vol uitdagings, want elke dag is anders. Kontak hom by 027 744 1000. Hy sê die tweede Expo vir 2019 is reeds in die pyplyn.

# Pieters in Springbok Streekshof gevonnis

M. Mostert

**SPRINGBOK** - Anthony Brian Pieters (32) is Woensdag, 1 Augustus, in die Springbok Streekshof gevonnis vir dwelmhandel en die besit van 'n ongelisensieerde vuurwapen en ammunisie.

Pieters is op 20 Desember 2017 in St Georgestraat E20 in Nababeep in hegtenis geneem tydens 'n deursoek-operasie wat die Valke se Ernstige Georganiseerde Misdaad uitgevoer het. Mandrax ter waarde van R5 400 en die onwettige vuurwapen en ammunisie is gekonfiskeer.

Anthony is 8 jaar tronkstraf opgelê vir dwelmhandel en 2 jaar vir die onwettige besit van 'n vuurwapen en ammunisie. Hy is ook onbevoeg verklaar vir die besit van 'n vuurwapen. Hy sal effektief 8 jaar tronkstraf uitdien. Sy vonnis is ‘n voorbeeld vir ander misdadigers wat soortgelyke oortredings pleeg.

# WOW Spelfees weer in volle swang aan die gang

M. Mostert

**NOORD-KAAP** – Jip, dit is weer sulke tyd van die jaar dat al wat leef en beef in die skole hul spelwoorde op die punte van hul vingers ken. Hulle sit dan rondte vir rondte en spel dat hulle blou in die gesig raak. Om die deelnemers sneuwel hul maatjies wat oor taai tameletjiewoorde struikel. Verlede week het die Nama Khoi Kring 1 en Nama Khoi Kring 2 hul vuurdoop in Matjieskloof gehad.

Daar is onder meer skole soos Port Nolloth, Komaggas, PSS, dr. Izak van Niekerk, Matjieskloof self en ander skole in die omtrek se spellers getoets. Maandag het die skole in die Kamieskroon-omgewing aan die beurt gekom. Die Hantamkring is die 15de afgehandel en Karoo Hoogland die 16de. Die Namakwa-distrik en Khai Ma-distrik is nou klaar.

Me. Mary by die Departement Onderwyskantore ryg die datums van die volgende rondtes af. Vrydag, 24 Augustus, is die Distriksrondte in Springbok. Die Hantamdistriks-rondte is op 31 Augustus. Die provinsiale rondte is op 8 September en die nasionale rondte op 20 Oktober in Stellenbosch.

Die Sanlam WOW Spelfees het ten doel om die noodsaaklikheid van taal en geletterdheid te bevorder. Sanlam glo in die waarde van taalvaardigheid en meertaligheid. Die kompetisie word in Afrikaans Huistaal vir grade 1 – 10, in Engels Eerste Addisionele Taal vir grade 6 – 9 en in isiXhosa vir graad 6 en 7 aangebied.

Lees- en spelvaardighede is belangrik vir sukses in die hedendaagse kennis-ekonomie. Ons land het nog 'n ewige stryd met geletterdheid. Volgens die Progress in International Reading Literacy Study wat in 2016 gedoen is, kan sowat 78% graad 4's in die land nie met begrip lees nie. As gevolg van tekortkominge in die opvoedkundige stelsel gaan waardevolle potensiaal verlore en word leerders se kreatiwiteit, kennis en kritiese denke nie genoeg gestimuleer nie. WOW skep vir leerders die geleentheid om speels met taal om te gaan.

# Pella Voedseltuin tops in Noord-Kaap

M. Mostert

**NOORD-KAAP** – En daar verras ‘n plaaslike inskrywing vriend en vyand by die Vroue Entrepreneurstoekennings.

Die jaarlikse toekennings het ten doel om die bydrae wat vroue tot die landbousektor maak en diegene wat 'n duidelike merk in die sektor maak en die rol wat hulle speel om armoede uit te roei, te vereer en te erken. Die toekennings moedig vrouens aan om toenemend deel te neem aan die kompetisie. Dit sluit in jong vrouens en vroue met gestremdhede wat aan Landbou, Bosbou en Vissery-aktiwiteite deelneem.

Vir die eerste keer in die kompetisie se geskiedenis is die provinsiale verteenwoordiger 'n algehele wenner in die kleinskaalse kategorie. Die Namakwa-distrik is breëbors trots op Pella se Voedseltuin wat die algehele wenner van die toekennings is. Hulle is 'n gawe R323 000 in prysgeld ryker. Voorheen het die algehele wenners uit kategorieë gekom soos prosessering, uitvoere en kommersiële boerdery.

Die beste vroulike plaaswerker is Victoria Lesau wat R50 000 in prysgeld gekry het. Die beste bestaansprodusent, die Pella Voedseltuin, het R75 000 gekry. Die top entrepreneur kleinhandel is Elizabeth PietBooi, die top entrepreneur prosessering is Jana du Plessis en die top entrepreneur kommersieel is Esther Visser. Die LUR spesiale toekenning: Jeug gaan aan Bertha Seleka en die algehele wenner is Pella Voedseltuin.

Die top entrepreneurs vir kleinhandel en kommersieel het elk R125 000 gewen. Die LUR spesiale toekenning vir die jeugdige was R50 000 en die algehele wenner het 'n koel R250 000 ingehark. Daar is geen wenners in die top entrepreneur-uitvoer en persoon met gestremdheid nie. Die wenners sal die provinsie op 24 Augustus by die Nasionale Entrepreneurstoekennings verteenwoordig.

# SITE NOTICES:
# NOTICE OF BASIC ASSESSMENT PROCESS AND PUBLIC PARTICIPATION PROCESS

# NOTICE OF BASIC ASSESSMENT PROCESS
# PUBLIC PARTICIPATION PROCESS

## NAMAS WIND FARM, NORTHERN CAPE

---

***Project Name:*** Namas Wind Farm, Northern Cape Province

***Applicant****:* Genesis Namas Wind (Pty) Ltd

***Proposed Activity****:* The development of a wind farm with a contracted capacity of up to 140MW which will include up to 43 wind turbines and associated infrastructure including a substation, a power line to connect at Gromis Substation, access roads and laydown areas.

***Location:*** The project site is located approximately 20km south-east of Kleinsee, within the Nama Khoi Local Municipality and the Namakwa District Municipality in the Northern Cape Province. The site falls within Focus Area 8 of the Renewable Energy Development Zones (REDZ), which is known as the Springbok REDZ.
Four properties comprise the wind farm site: Portion 3 of the Farm Zonnekwa 328, Portion 4 of the Farm Zonnekwa 328, Remaining Extent of the Farm Rooivlei 327 and Portion 3 of the Farm Rooivlei 327.
The power line corridor traverses ten affected properties: Portion 3 of the Farm Zonnekwa 328, Portion 2 of the Farm Zonnekwa 328, Portion 1 of the Farm Zonnekwa 326, Remaining extent of the Farm Zonnekwa 326, Remaining extent of the Farm Honde Vlei 325, Remaining extent of the Farm Kannabieduin 324, Remaining extent of the Farm Leliefontein 322, Remaining extent of the Farm Mannels Vley 321, Remaining extent of the Farm Dikgat 195 and Portion 15 of the Farm Dikgat 195.

**Basic Assessment Process:** In terms of Sections 24 and 24D of the National Environmental Management Act (No 107 of 1998), as read with Government Notice R324 – R327, as amended, Environmental Authorisation is required for the project. As the project site is located within a REDZ, a Basic Assessment (BA) process is required to be undertaken in accordance with GN114 (February 2018). Savannah Environmental is undertaking the required environmental assessment and public participation process.

To obtain further information and register on the project database, please submit your name, contact information and interest in the project to:

**Gabriele Stein** of **Savannah Environmental**
P.O. Box 148, Sunninghill, 2157
Tel: 011 656 3237
Fax: 086 684 0547
Email: gabriele@savannahsa.com
Website: www.savannahsa.com

savannah environmental

July 2018

# KENNISGEWING VAN 'N BASIESE EVALUERINGSPROSES OPENBARE DEELNAMEPROSES

# NAMAS WINDPLAAS, NOORD-KAAP

---

***Projeknaam:*** Namas Windplaas, Noord-Kaapprovinsie

***Applikant:*** Genesis Namas Wind (Edms.) Bpk.

***Beoogde Aktiwiteit:*** Die ontwikkeling van 'n windplaas met 'n gekontrakteerde vermoë van hoogstens 140 MW wat 43 windturbines en gepaardgaande infrastruktuur, insluitend 'n substasie, 'n kraglyn om by die Gromissubstasie aan te sluit, toegangspaaie en stapelwerwe sal insluit.

***Ligging:*** Die projekterrein is sowat 20 km suidoos van Kleinsee, in die Nama Khoi Plaaslike Munisipaliteit en die Namakwa Distriksmunisipaliteit in die Noord-Kaapprovinsie. Die terrein is in Fokusgebied 8 van die Hernubare Energie Ontwikkelingsones (REDZ), wat bekendstaan as die Springbok REDZ.

Die windplaasterrein beslaan vier eiendomme: Gedeelte 3 van die plaas Zonnekwa 328, Gedeelte 4 van die plaas Zonnekwa 328, Restant van die plaas Rooivlei 327 en Gedeelte 3 van die plaas Rooivlei 327.

Die kraglynkorridor strek oor tien geaffekteerde eiendomme: Gedeelte 3 van die plaas Zonnekwa 328, Gedeelte 2 van die plaas Zonnekwa 328, Gedeelte 1 van die plaas Zonnekwa 326, Restant van die plaas Zonnekwa 326, Restant van die plaas Honde Vlei 325, Restant van die plaas Kannabieduin 324, Restant van die plaas Leliefontein 322, Restant van die plaas Mannels Vley 321, Restant van die plaas Dikgat 195 en Gedeelte 15 van die plaas Dikgat 195.

***Basiese Evalueringsproses:*** Ingevolge Artikel 24 en 24D van die Nasionale Wet op Omgewingsbestuur (Wet 107 van 1998), saamgelees met Staatskennisgewing R324 tot R327, soos gewysig, moet 'n Omgewingsmagtiging vir die projek onderneem word. Aangesien die projekterrein in 'n REDZ is, moet 'n Basiese Evalueringsproses (BE-proses) ooreenkomstig Staatskennisgewing 114 (Februarie 2018) onderneem word. Savannah Environmental onderneem die nodige omgewingsevaluering en openbare deelnameproses.

Ten einde meer inligting te bekom en om op die projek se databasis te registreer, verstrek asseblief u naam, kontakbesonderhede en belang by die projek aan:


**Gabriele Stein** van **Savannah Environmental**
Posbus 148, Sunninghill, 2157
Tel: 011 656 3237
Faks: 086 684 0547
E-pos: gabriele@savannahsa.com
Webwerf: www.savannahsa.com


savannah environmental

Julie 2018

**PROOF OF SITE NOTICES** (Date placed: 07 July 2018)




**Figure 1:** Photographic proof of the site notices placed within the project site, along the boundaries of the affected properties of the Nama Wind Farm on 07 July 2018.

**Table 1:** Co-ordinates of the site notices placed for the Namas Wind Farm on 07 July 2018

| | Latitude (S) | | | Longitude (E) | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | ° | ' | " | ° | ' | " |
| 1 | 29 | 50 | 6.38 | 17 | 9 | 43.56 |
| 2 | 29 | 50 | 56.16 | 17 | 13 | 16.19 |
| 3 | 29 | 51 | 0.32 | 17 | 15 | 25.79 |
| 4 | 29 | 45 | 21.05 | 17 | 14 | 30.56 |

# ADVERTISEMENT:
# NOTICE OF BASIC ASSESSMENT REPORT FOR PUBLIC REVIEW AND COMMENT

# NOTICE OF BASIC ASSESSMENT PROCESS
# PUBLIC PARTICIPATION PROCESS

## NAMAS WIND FARM, NORTHERN CAPE

---

***Project Name:*** Namas Wind Farm, Northern Cape Province

***Applicant:*** Genesis Namas Wind (Pty) Ltd

***Proposed Activity:*** The development of a wind farm with a contracted capacity of up to 140MW which will include up to 43 wind turbines and associated infrastructure including a substation, access roads and laydown areas.

***Location:*** The project site is located approximately 20km south-east of Kleinsee, within the Nama Khoi Local Municipality and the Namakwa District Municipality in the Northern Cape Province. The site falls within Focus Area 8 of the Renewable Energy Development Zones (REDZ), which is known as the Springbok REDZ.
Four properties comprise the wind farm site: Portion 3 of the Farm Zonnekwa 328, Portion 4 of the Farm Zonnekwa 328, Remaining Extent of the Farm Rooivlei 327 and Portion 3 of the Farm Rooivlei 327.

**Basic Assessment Process:** In terms of Sections 24 and 24D of the National Environmental Management Act (No 107 of 1998), as read with Government Notice R324 – R327, as amended, Environmental Authorisation is required for the project. As the project site is located within a REDZ, a Basic Assessment (BA) process is required to be undertaken in accordance with GN114 (February 2018). Savannah Environmental is undertaking the required environmental assessment and public participation process.

**Basic Assessment Report Available for Review and Comment from 24 October 2018 – 23 November 2018:** The BA report can be viewed at the Kleinsee Public Library (3rd Avenue, Kleinsee) or downloaded from www.savannahsa.com. The due date for written comment is **23 November 2018**.

To obtain further information and register on the project database, please submit your name, contact information and interest in the project to:

**Rozanne Els** of **Savannah Environmental**
P.O. Box 148, Sunninghill, 2157
Tel: 011 656 3237
Fax: 086 684 0547
Email: publicprocess@savannahsa.com
Website: www.savannahsa.com

savannah environmental

# ELK-kleinspan geniet Debutantebal 2018

M.A Cloete

**STEINKOPF** - Die Evangeliese Lutherse Kleuterskool in Steinkopf bied elke jaar 'n Debutantebal aan wat adellikes groen van jaloesie sal maak. Die skool het al in die verlede gewys hoe hulle behoorlik in styl kan uithang en dus was daar vanjaar baie verwagtinge om die 2017 Debutantebal te troef en hulle het dit werklikwaar reggekry!

Die ELK Debutantebal het op 20 Oktober in die dorp se Gemeenskapsaal plaasgevind. Dit is 'n fondsinsameling vir die skool. Die dag van die geleentheid was die ouers, praktisyns en breë gemeenskap uitgevat. Hulle moes egter opsy staan vir die skattige kleintjies van die skool, want dit was mos hulle dag. Was die klein prinse en prinsessies nie oulik nie.

Na almal die pragtige saal, wat in 'n seetoneel omskep is, betree het, is die aand amptelik begin. Die saal het perfek gepas by die Finding Nemo/Dory-tema. Natasha Mokgothu, voorsitster van die skool, het die program geopen. Pastoor Van Wyk van die Evangeliese Lutherse Kerk Steinkopf het 'n baie mooi boodskap en seën gedoen.

Daarna is die heildronk ingestel deur Johan Maritz en is almal verder deur Aswille Cloete en Amos Jantjies vermaak met verskillende sangitems. Die leerders van ELK het die gehoor met 3 items bekoor. Daarna het nog 'n heerlikheid hom afgespeel toe almal bederf is met 'n driegang-maaltyd.

Toe breek die groot oomblik aan, naamlik die aankondiging van die debutantewenners vir 2018. Pastoor Van Wyk en Lizelle Matthys het die top 3 gekroon. Lanzo Fielding is die tweede prins, Ivanka Jacobs is die eerste prinses en die koningin van die aand is Layla Fielding. Die kinders wat debutante vir 2018 was, het elkeen 'n geskenk gekry. Hulle het sommer almal fluks die jaar gewerk en 'n bedrag van R62 087 ingesamel. Na die jolige kroningsgeleentheid het 'n ouer die bedankings gedoen en is daar op die gepaste wyse afgesluit.

Natasha noem dat die skool die ouers en personeel van ELK, Zophani Decorations, die bestuurskomitee, Pastoor Van Wyk, Jennilee de Klerk en haar span, Aswille, Patrick en Amos en ook die Jeug van die Evangeliese Lutherse Kerk Steinkopf hartlik bedank vir hul aandeel in die geslaagde geleentheid.

# Okiep-bejaardes onder koeltebome bederf

M. Mostert

**OKIEP** – Dit was amper soos Tuindag waar jy buite onder die bome aangesit het en alte heerlik bederf is. Die Nababeep GPF was die afgelope tyd taamlik bedrywig.

Die GPF, die SAPD, die twee plaaslike radiostasies, die Departement Maatskaplike Ontwikkeling en veiligheidsvrywilligers het 'n opelug Grootouer-dag, of soos Dennis Coetzee dit noem, 'n Grandparent Day, gehou.

Die sowat 20 bejaardes is uitgenooi om Woensdag, 17 Oktober, om 11:00 onder die bome in Okiep te gaan sit. Lucinda Raymond van Lara FM noem dat dit bekend staan as Dennis se boom. Die oumensies het by 't tafel aangesit en het smaaklike koek en koeldrank geniet. Die tafel en stoele was netjies oorgetrek. Hulle het ook bederfpakkies gekry.

Lucinda het die mense by die geleentheid toegespreek. Sy het die see as voorbeeld gebruik om 'n mens se lewenspad te demonstreer. Die see kan baie onstuimig raak en ander kere kalm en glad soos 'n groot dam lê.

So is die lewenstorms ook. 'n Mens gaan soms deur hartseer en pyn, maar as jy alles aan die Vader oorgee, kan jy die storms deurstaan. Haar boodskap was: "Swyg, wees stil en daar sal kalmte kom."

Die bejaardes het elkeen 'n raam ontvang met 'n gedniggie in met die tema grootouers. Die idee agter die dag was om ouer persone opnuut te waardeer, want hulle word so gou vergeet. Dankie aan die GPF en Maatskaplike Ontwikkeling wat die etes verskaf het.

## NOTICE OF BASIC ASSESSMENT PROCESS PUBLIC PARTICIPATION PROCESS NAMAS WIND FARM, NORTHERN CAPE

***Project Name:*** Namas Wind Farm, Northern Cape Province
***Applicant:*** Genesis Namas Wind (Pty) Ltd
***Proposed Activity:*** The development of a wind farm with a contracted capacity of up to 140MW which will include up to 43 wind turbines and associated infrastructure including a substation, access roads and laydown areas.
***Location:*** The project site is located approximately 20km south-east of Kleinsee, within the Nama Khoi Local Municipality and the Namakwa District Municipality in the Northern Cape Province. The site falls within Focus Area 8 of the Renewable Energy Development Zones (REDZ), which is known as the Springbok REDZ.
Four properties comprise the wind farm site: Portion 3 of the Farm Zonnekwa 328, Portion 4 of the Farm Zonnekwa 328, Remaining Extent of the Farm Rooivlei 327 and Portion 3 of the Farm Rooivlei 327.
**Basic Assessment Process:** In terms of Sections 24 and 24D of the National Environmental Management Act (No 107 of 1998), as read with Government Notice R324 – R327, as amended, Environmental Authorisation is required for the project. As the project site is located within a REDZ, a Basic Assessment (BA) process is required to be undertaken in accordance with GN114 (February 2018). Savannah Environmental is undertaking the required environmental assessment and public participation process.
**Basic Assessment Report Available for Review and Comment from 24 October 2018 – 23 November 2018:** The BA report can be viewed at the Kleinsee Public Library (3rd Avenue, Kleinsee) or downloaded from www.savannahsa.com. The due date for written comment is **23 November 2018**.

To obtain further information and register on the project database, please submit your name, contact information and interest in the project to:

**Rozanne Els of Savannah Environmental**
**P.O. Box 148, Sunninghill, 2157**
**Tel: 011 656 3237**
**Fax: 086 684 0547**
**Email: publicprocess@savannahsa.com**
**Website: www.savannahsa.com**

savannah environmental

## VAKANTE POSTE

### F.J SMIT GEKOMBINEERDE SKOOL

***Tydelike departementele onderwys poste (2) beskikbaar***

**Grondslagfase:** Twee poste

**Vakke:**
- Akrikaans Huistaal
- English FAL
- Wiskunde
- Lewensvaardighede

**Tydperk: 01/01/2019 - 31/12/2019**

**Sluitingsdatum vir aansoeke:** 09 November 2018

Stuur asseblief u CV, aansoekbrief en alle kwalifikasies aan:
**Die Prinsipaal**
**F.J Smit Gekombineerde Skool**
**Komaggas**

Epo: fjsmit@lantic.net of faks na 086 621 9278.

Vir meer inligting kontal Mnr Esau by 027 821 1990 of 074 123 5079.



# Nuwe kapteine span die 2019-leisel-seile

M. Mostert

**SPRINGBOK** – Uit met die oue gesoutes, in met die nuwe bloed. Dit het haas tyd geword vir die ou leerderleiers om die leisels neer te lê en tyd vir die nuwes om dit op te neem en hul skool te lei en dien. Donderdagaand, 18 Oktober, het HSN hul prestige sluitingsfunksie gehou waar die room bekroon is met sertifikate, bekers en skilde.

Die hoofleerders vir 2019 is Marlon Petro as hoofkaptein en Johandri du Toit die hoofkapteine. Hul onderkapteine is Tristan-Lee de Goede en Chrislé Fortiun. Die vier vertel dat hulle 'n goeie leierspan is en dat hulle entoesiasties en gemotiveerd vir 2019 is. Hulle beoog om 'n nouer band met die leerders te vorm sodat hulle lekker saam met hulle kan werk.

Tristan sê hulle wil weer die lus vir skoolgaan aanwakker. Hulle wil graag dissipline terug in die klaskamer bring. Hulle wil die leerders motiveer om nie selfone in klaskamers te gebruik nie, want dit is teen die skoolreëls. Hulle wil ook die leerders aanmoedig om volwassenes met respek te behandel en nie teë te praat in die klasse nie.

Marlon noem dat leerders moet besef dat hulle die gevolge van hul dade saam met hulle die toekoms inneem; daarom moet hulle die regte keuses maak. Chrislé voel hulle moet omgee in die skool inbring; dan sal al die ander waardes in plek val. Hulle wil ook rommelstrooi op die skoolterrein uitroei.

Johandri gaan haar oë oophou vir afknouery op die skoolgrond en daarteen optree. Al vier voel die leerders moet meer by buitemuurse aktiwiteite betrek word. Hulle sal die voorbeeld stel en die res moet dan volg. Die vier is gereed vir 2019 en die leisel-seile stewig gespan.

Die bekerwenners van Donderdag-aand is baie trots op hul toekennings. Hier is enkele bekers en skilde wat oorhandig is. Die beste akademiese leerder in graad 8 is Monique Engelbrecht. In graad 9 is dit Jandré Nelson, in graad 10 Nantes Lennox, in graad 11 Stefan Raath en Mikayla Jordaan saam en in graad 12 McCyla Stemmet.

Die sportman van die jaar is Monré MacDonald en die sportvrou Elzandri van Wyk. Elzandri en Marli van Wyk deel die Dux-skild. Gerhardt Botes het die junior Pro Excellentia-skild ontvang vir die beste akademiese prestasie in grade 8 en 9. Die senior Pro Excellecia word toegeken aan 'n leerder wat die beste akademiese prestasie in die senior fase behaal het. Dit is van grade 10 - 12. Marli van Wyk het hierdie prestasie behaal.

# AARTAPPELS VOL DWELMS GEPROP

**UPINGTON** – Groente is baie gesond vir 'n mens se gestel. Van kleins af leer jou ma jou om jou groente op te eet – al die groente op jou bord. Jy staan nie op voordat elke liewe ertjiepit of pampoenhopie afgesluk is nie. Twee innoverende skelms het groente egter vir 'n heel ander doel gebruik.

Die polisie in Upington het dwelms ter waarde van R25 000 gekonfiskeer nadat twee mans op 21 Oktober op die N14 gearresteer is. Die Upington Openbare Orde Polisielede onder bevel van sersant Olckers het stop-en-deursoeke op die N14 gedoen na hulle inligting ontvang het oor verdagte optrede. Die polisie het twee mans by 'n rylooplek opgemerk wat duidelik ongemaklik voorgekom het toe hulle die polisie gewaar het. Een van die mans het 'n sak op die grond gegooi en laat spaander. Van die polisielede het hom agterna gesit. Die res het al die mense by die rylooplek deursoek.

Die verdagte wat op vlug geslaan het, is gevang en sy sak is deursoek en groente is daarin gevind. By nadere ondersoek het die polisie ontdek dat Mandrax-tablette netjies in die groente versteek is. Altesaam 248 tablette is gevind. Die dwelms en 'n selfoon, wat vermoedelik tydens 'n huisbraak vasgelê is, is afgevat. Die twee mans, onderskeidelik 35 en 36 jaar oud en van buitelandse herkoms, het Dinsdag, 23 Oktober, in die Upington Landdroshof verskyn op aanklag van dwelmhandel en die besit van vermoedelik gesteelde eiendom.

# Tannie Joey Bester stap aan na 103 jaar!

M. Mostert

**SPRINGBOK** – Drie jaar gelede het ek vir tannie Joey Bester by Huis Namakwaland gaan afneem toe sy haar eeufees gevier het. Dinsdag stap ek weer op en gaan neem haar, haar dogter, Erna du Plessis en Erna se man, Sarel, af. Hulle staan weerskante van tannie Joey wat waardig in 'n rolstoel sit.

Tannie Joey lyk nie 'n jaar ouer as toe ek haar op haar honderdste verjaardag gaan besoek het nie. Sy glimlag lieftallig en bedank my vriendelik vir die besoek. In die sitkamer sit gaste by lang wit tafels en wag vir die verjaardagdame om haar ereplek in te neem. SCA se kinders het intussen opgedaag en sing die tannie met geestelike liedere toe.

Daar staan 'n pragtig versierde koek in die vorm van 103 op die tafel. Sy gaan dit later met die gaste deel. Elaine noem dat die inwoners al sewe-uur die oggend vir tannie Joey gesing het en vir haar koffie gevat het. Ronel Whiting sê dat tannie Joey se gesondheid nog baie goed is en dat sy nog self loop en haarself versorg. Sy lyk mooi in die blou rok en haar hare is netjies versorg. Ons klink 'n koppie tee op nog 'n lewensjaar. Mag tannie Joey steeds volgende jaar net so waardig en deftig lyk.

# Christopher Jacobs is Mr Northern Cape 2018

M.A Cloete

**BERGSIG** – Die Plattelander het vroeër die jaar oor die 22-jarige Christopher Jacobs berig wat aan die Mnr. Noord-Kaap-kompetisie, die Mr Northern Cape, deelneem. Wel, die mooie man het Sondag uit Kimberley in Namakwaland aangekom as die wenner van die kompetisie. Hy het deelnemers van reg oor die provinsie uitgestof om die titel agter sy naam te skryf.

Christopher is tans 'n menslike hulpbronne intern by die Onderwysdepartement. Hy hou daarvan om in gemeenskappe te werk. Daarom het hy onlangs Dr. Izak van Niekerk Primêre Skool se skoolbiblioteek help opknap.

Hy het in 2012 begin om aan skoonheidskompetisies deel te neem en daarvan gehou. Hy het ook besluit dat dit 'n manier is om 'n verskil in sy gemeenskap te kan maak. Die sjarmante jongman het al plaaslike titels soos Mnr. Koperfees 2017, Mnr. Namakwa Khai Ma 2015 en Mnr. Namakwaland Kampus 2014-2015 ingeoes. Hierdie titel is nog een wat hy by sy lysie kan voeg. Dit was 'n groot geleentheid om provinsiaal te kompeteer en hy het dit alte goed besef.

Mnr. Noord-Kaap was sy eerste provinsiale kompetisie. Dit was stresvol en uitputtend, omdat hy self mense moes nader om borgskappe te vind.

Die finaal van Mr and Miss Northern Cape het op 20 Oktober by die Germar Biltong Mekka Padstal & Petting Zoo in Kimberley plaasgevind. Christopher vertel dat hy 7 maande vandat hy ingeskryf het vir enige nuus moes wag. Die kompetisie is glo ook twee keer uitgestel, maar die wag was die moeite werd. Hy is Sondag met die terugkeer na sy tuisdorp met luide applous verwelkom.

Hy is baie in sy noppies met die nuwe titel en is baie trots dat die titel uiteindelik Namakwaland toe gekom het. Hy sê met die nuwe titel gaan hy nogmaals terugploeg in die gemeenskappe.

Hy bedank die volgende borge wat dit vir hom moontlik gemaak het om aan die kompetisie deel te neem: L&D Electrical, die Departement van Sport, Kuns en Kultuur, Nama Khoi Munisipaliteit, Godfrey Dirkse, ook 'n Namakwalander wat 'n finalis vir Mnr. Suid-Afrika 2018 is, individue by die Departement van Onderwys, MoLife Entertainment en almal wat sy foto op Facebook *gelike* het vir die Public Choice Awards.

Ons wens Christopher baie voorspoed toe met sy loopbaan. Hy sal 'n aanwins vir menslike hulpbronne wees.